HOËRSKOOL OOSTERLIG

REKENAARTOEPASSINGTEGNOLOGIE –
KWARTAALOPDRAG 5 (TEORIE)
GRAAD 10

VAKONDERWYSER:	Me. L Doble	DATUM:	8 Julie 2020
HOD/VAKHOOF:	Me. C Myburgh	INHANDIGINGSDATUM:	15 Julie 2020
PUNTETOTAAL:	10 punte		

TOTAAL = ----
10

Naam & Van: _____ **Klas: 10___**

Instruksies en inligting

- Maak ASSEBLIEF seker dat jy jou naam EN van voltooi het hierbo.
- Hierdie is 'n invul vraestel wat beteken dat jy alles op die opdrag self gaan voltooi. Maak gebruik van die lyntjies verskaf onder elke vraag om die antwoorde te gee.
- Lees elke vraag se instruksies mooi
- Skryf slegs met BLOU pen.
- Geen "tippex" of "highlighters" nie.

Vraag 1 – Hardeware

1.1 Gee TWEE voordele van 'n multifunksiedrukker, behalwe die feit dat dit minder kos as om die dele van die toestel afsonderlik aan te koop. (Moenie die verskillende funksies van 'n multifunksiedrukker as jou antwoord gee nie.) (2)

_____

_____

1.2 Wat word die reeks tegnologieë genoem wat dit moontlik maak dat 'n drukker (en ander toestelle) outomaties gekonfigureer word wanneer dit in 'n USB-poort ingeprop word? (1)

_____

1.3 Beskryf TWEE maniere om 'n lêer vanaf 'n mobiele toestel na 'n skootrekenaar oor te dra, sonder om koordlose metodes te gebruik. (2)

_____

_____

1.4 Gee EEN nadeel van 'n luidsprekerstelsel wat krag via die USB-poort kry. (1)

_____

1.5 Verduidelik hoekom 'n bediener gewoonlik hoër hardewarespesifikasies (bv. meer stoorspasie en geheue) benodig as 'n 'gewone' rekenaar. (1)

_____

1.6 'n Vriend ly aan artritis en vind dit moeilik om op 'n sleutelbord te tik.

Watter soort sagteware sou hierdie vriend kon gebruik om die hoeveelheid tikwerk op die rekenaar te verminder? (1)

_____

1.7 Dit is belangrik om jou gesondheid in ag te neem wanneer jy 'n rekenaar gebruik.

1.7.1 Watter rekenaartoestel kan tot RSI lei as jy dit nie reg gebruik nie? (1)

_____

1.7.2 Gee EEN gesondheidswenke vir rekenaargebruik wat oogspanning sal help verminder, behalwe om te verseker dat die monitor reg geplaas is. (1)

_____

[10]